

Hiermee 'n paar oefeninge vir Graad R, 1 en 2 outjies.

Liggaamsbeeld:

1. Laat die kind sy/haar groot liggaamsbewegings oefen. Demonstreer 'n liggaamsbeweging en laat die kind dit nadoen. Gebruik eers beide teenoorstaande liggaamsdele saam en dan net een liggaamsdeel. Daarná kan die kante van die liggaam afwisselend gebruik word. (Maak dit 'n na-aper speletjie en kyk of julle mekaar kan uitvang.)
2. Ná bogenoemde aktiwiteite kan liggaamsbewegings met apparaat gedoen word. Die kind kan byvoorbeeld 'n hoepel net om een arm swaai, terwyl hy/sy die ander arm stil hou...doen sommer snaakse en lawwe goed.
3. Laat die kind op een been staan en aanvanklik met die nie-dominante hand teen die muur staan. Die kind moet dan met die teenoorgestelde hand 'n bal bons of hop en vang.
4. Laat die kind soos bo staan, maar die muur los en met sy/haar nie-dominante hand agter die rug staan, terwyl hy/sy 'n bal hop en vang. ('n gewone 25cm – 30cm bal is reg)
5. Laat die kind op een been staan, met die nie-dominante hand agter die rug. Die kind moet die bal nou \pm 30 cm in die lug op gooi en vang.
6. 'n Ou kussing of slaansak kan uit die dak uit gehang word. Die kind moet nou die slaansak met die dominante hand slaan, terwyl die ander hand in die sy gehou word.
7. Wanneer bogenoemde opdrag maklik uitgevoer word, kan die dominante en nie-dominante hand om die beurt gebruik word om die slaansak mee te slaan.
8. 'n Links-regse pyltjekaart. Gee 'n opdrag, bv. "hop op hierdie been". Wys na 'n pyltjie wat in die verlangde rigting wys. Bv. na regs of na links.
9. Gebruik weer die pyltjekaart en volg weer bogenoemde speletjie. Kombineer egter nou net die opdragte. Bv. "Hop op hierdie been" "na hierdie kant toe" .
10. Voer groot bewegings op die skryfbord (of 'n groot stuk koerant teen die muur of deur) uit. Laat die kind met lateraliteitsprobleme die skryfbord met groot hale van links na regs met sy/haar dominante hand vee. Hou die nie-dominante hand agter die rug.
11. Voer groot bewegings op die skryfbord uit. Laat die kind met lateraliteitsprobleme die skryfbord met groot hale van links na regs

met sy/haar dominante hand vee. Hou die nie-dominante hand langs die sy.

12. Laat die kind groot sirkels op die skryfbord maak met die dominante hand, terwyl die nie-dominante hand agter die rug is.
13. Laat die kind groot sirkels op die skryfbord maak met die dominante hand, terwyl die nie-dominante hand langs die sy is.

Visuele geheue:

1. Teken of pak 4 tot 6 prente in 'n ry. Die kind kyk vir vyf tellings daarna en dan word dit geskommel. Die kind moet dit weer in die regte volgorde pak.
2. Teken of pak 4 tot 6 prente in 'n ry. Die kind kyk vir vyf tellings daarna en dan word dit bedek. Die kind moet sê / noem wat hy gesien het.
3. Skryf 'n klank of syfer neer. Tel tot drie en hou toe. Die kind moet dit herroep en skryf.
4. Voeg telkens 'n klank by totdat die hele naam geskryf word.

Visuele diskriminasie:

1. Speel met enige tipe domino.
2. Teken 'n klomp prente van verskillende tema's op 'n bladsy. Die kind moet nou bv. al die kosprente omkring, ens. Dieselfde kan met klankies (kleinletters) gedoen word.
3. Skryf 'n klomp klanke rond en bont op 'n bladsy neer. Die kind kan nou klanke soek wat in sy naam voor kom.

Lateraliteit (kennis van links en regs):

Belangrik: Moenie van "dom hand" of "slim hand" praat nie.

1. Indien daar trappe by die huis is, kan julle "Klippieskool" speel. Die kind sit op die onderste trap terwyl u 'n klippie of muntstuk agter die rug hou. Die kind raai dan in watter hand die klip is deur mondelings die regte hand te kies. 'n Verkeerde keuse beteken dat die kind op die trappie bly. Dié speletjie verskaf groot pret as die hele gesin saam speel.
2. As u kind in die bad sit, kan u hom vra om sekere liggaamsdele te was en ook klem lê op links en regs. Bv. "Was jou linkerarm en dan jou

regterarm...en nou jou linkerkieliebak en dan die regterkieliebak. Was tussen jou tone aan jou linkervoet en dan tussen jou tone aan die regtervoet, ens." Gebruik soortgelyke opdragte wanneer die kind homself aan- en uittrek.

Middellynkruising:

1. Speel `n lekker op-en-wakker liedjie waarop julle kan dans. Neem die kind by die hand en laat hom in die rondte tol – eers na die een kant toe en dan na die ander kant toe. ("jive"!)
2. Dans saam met u kind en doen somer enige lawwe beweging waar u oorkruis aan u knieë, skouers, enkels, ens. raak. Dit is belangrik dat u kind dit probeer nadoen.
3. Speel ook "Follow the leader" en doen oorkruis bewegings soos bo. Laat u kind ook toe om nou en dan die leier te wees.

Posisie in die ruimte:

1. Wys na `n pyltjiekaart. Die kind moet met sy arms in daardie rigting wys en sê waarheen hy wys (links of regs).
2. As u in die motor ry, kan u vir u kind vra waarheen die rigtingwysers / padtekens wys.
3. Rigtingwoorde soos bo, onder, agter, voor, bo-op, tussen, ens. is hier ter sprake. Gebruik dit eerder as ***hier*** en ***daar***.

(geskryf deur juffer by <http://juffer.wordpress.com>)